**BEOOGDE 132KV TRANSMISSIELYN AANGRENSEND TOT DIE BESTAANDE ESKOM TRANSMISSIELYN VAN LONGYUAN MULILO DE AAR 2 NOORD WINDENERGIE AANLEG TOT BY DIE HYDRA SUBSTASIE IN DE AAR, NOORD-KAAP**

**DOS VERW. NR.: 14/12/16/3/3/1/1166 -PUBLIEKE DEELNAME PROSES**

Longyuan Mulilo De Aar 2 Noord (Edms) Bpk beoog die konstruksie van 'n 132kV oorhoofse transmissielyn om die 138.96 MW Longyuan Mulilo De Aar 2 Noord Windenergie-Aanleg (WEA), wat oos van De Aar, Noord-Kaap, ontwikkel gaan word aan te sluit by die nasionale transmissienetwerk d.m.v. die Hydra substasie.

**Ligging van die voorgenome projek komponente:** Die 132kV transmissielyne sluit aan vanaf die metingstasie en strek 21, 46 km suid-wes terwyl dit die plase: Pienaarskloof (Plaas 136 – Gedeelte 6 en Restant van Gedeelte 1), Slingershoek (Plaas 2 – Restant en Gedeelte 5), Maatjes Fountein (Plaas 1 – Gedeelte 3 en Gedeelte 5 asook Restant van Gedeelte 1 en Restant van Gedeelte 2), Carolus Poort (Plaas 2 – Gedeelte 3, Gedeelte 4 en Restant van Gedeelte 2), Wagt en Bittje (Plaas 5 – Restant en Gedeelte 3), Wag 'n Bietjie Annex B (Plaas 139 – Restant) kruis totdat dit aansluit by die Hydra Substasie (Plaas 144 – Restant).

**Proses:** Die proses het die volgende aktiwiteite tot gevolg soos gelys in terme van Goewermentskennisgewing (GK) Regulasie R544 items 10, 11 en 18 en GK R546 items 13, 14 en 16 in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998, soos gewyssig (WNOB). Die aktiwiteite vereis goedkeuring deur die bevoegde omgewingsowerheid naamlik die Departement van Omgewingsake (DOS). Aurecon Suid Afrika (Edms) Bpk is aangestel om die bogenoemde Basiese Assessering (BA) proses te onderneem. Kennis geskied hiermee van die aanvang van 'n openbare deelname proses in terme van die WNOB Omgewingsinvloedbepaling Regulasies 2010. 'n Versoek om af te wyk van die Publieke Deelname Proses se 21-dae publieke kommentaar periode op die Finale BA-verslag is by die DOS vir oorweging voorgelê. Alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) het 30-dae om kommentaar te lewer teen **26 Mei 2014** rakende die voorgenome afwyking.

**Publieke Deelname:** Die Konsep Basiese Assesserings Verslag vir die bogenoemde projek is beskikbaar gemaak by die De Aar Openbare Biblioteek (Stasie Straat) en die Emthanjeni Munisipale geboue (Voortrekker Straat) (kontakpersoon: Mr F Taljaard). Die verslae is ook beskikbaar om af te laai vanaf Aurecon se webtuiste (http://www.aurecongroup.com; dui asb "Current Location" aan as Suid-Afrika en kliek op die Publieke Deelname skakel). Registreer asb as 'n B&GP om verdere inligting te bekom of om kommentaar te lewer op die voorgenome projek of verslae deur Aurecon te kontak d.m.v. telefoon (021 526 6034), epos (simon.clark@aurecongroup.com), faks (021 526 9500) of pos (Posbus 494, Kaapstad, 8000).

aurecon

**Newspaper:** Die Volksblad
**Date to be published:** Wednesday, 23 April 2014